

### ***Kop hou***

'Kop hou' is 'n Bybelse opdrag. "Bly in alle omstandighede nugter" (2 Tim 4:5). Nugterheid as deel van 'selfbeheersing' is 'n vrug van die Heilige Gees (Gal 5:23). As daar een ding is waaraan ons tyd dringende behoefte het, is dit 'n sin vir verhoudinge en balans; ook 'n besef vir die maat van dinge. Om 'n potlood skerp te maak, gebruik jy nie 'n hamer nie; om 'n bedding vir viooltjies voor te berei, gebruik jy nie 'n ploeg nie; die dorpsraad van Putsonderwater bemoei hom nie met haainette langs die Suidkus nie. Daar is groot dinge en daar is klein dinge in die lewe - dinge wat bo staan op die voorkeur rangorde van belangrikhede en vir niks ingeruil of afgeskuif mag word nie. Alles in die lewe het sy tyd en sy plek, sê die Prediker (3:1).

In alles moet 'n mens die nugterheid en beskeidenheid behou dat daar in jou siening van sake en in jou denkraamwerk miskien sake is wat jy raaksien nie, maar wat ander wel sien. Dit is so omdat die waarheid nie eensydig is nie maar meerkantig. Die krag van die waarheid is juis dit nie in een formulering of definisie vasgeverf kan word nie. Wie fanatiek is oor sy eie siening, het alle sin vir die grootsheid en openheid van die waarheid verloor. Natuurlik beteken dit nie 'n 'alles-is-reg-lewenshouding' nie. Dit beteken nie 'n oproep tot 'n koue en kliniese ewewigtigheid nie. Dit beteken wel 'n heilige besieling wat jou hele menswees in beslag neem. Die waarheid en daarmee ook die nugterheid, is nie noodwendig die middeweg tussen twee pole nie, maar dat jy aan altwee pole vashou om die boog te span en die waarheidpyl af te skiet. Anders word dit halwe waarhede. In die skool van die Bybel leer jy algaande deur die verliggende werking van die Heilige Gees om nugter te wees en die maat van dinge te ken.

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)